| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS<br>EERSTE ADDISIONELE TAAL |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 33 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe en merk die vraagnommers van die tekste wat jy behandel het. Bestudeer daarna die vrae oor hierdie tekste en besluit dan telkens op die vraag wat jý verkies om te beantwoord. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

3.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | Roman | (35) |
| **AFDELING B:** | Drama | (35) |
| **AFDELING C:** | Kortverhale [Doen AL **TWEE** kortverhale indien jy hierdie afdeling behandel het.] | (35) |
| **AFDELING D:** | Gedigte [Doen AL **TWEE** gedigte indien jy hierdie afdeling behandel het.] | (35) |

4. Beantwoord TWEE vrae in totaal: EEN vraag uit enige van die afdelings. Doen TWEE afdelings. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

5. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Voorgestelde tydsindeling: Spandeer ongeveer 75 minute aan elke afdeling wat jy beantwoord.

9. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

10. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

11. **BELANGRIK! Dui asseblief die vrae wat gekies is op die agterblad van die antwoordboek aan deur die vrae te omkring.**

# INHOUDSOPGAWE

Kies **TWEE** afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord slegs **EEN** vraag.

| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. *Lien se lankstaanskoene* | 35 | **5** |
| 2. *Die vlerke van naaldekokers* | 35 | **9** |
| 3. *Skeur* | 35 | **13** |

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs **EEN** vraag.

| | | |
|---|---|---|
| 4. *Fiela se kind* | 35 | **17** |
| 5. *Pad na jou hart* | 35 | **21** |

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord **TWEE** vrae: 6.1 (18 punte) **EN** 6.2 (17 punte)

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 *Die vlek* | 18 | **26** |
| **EN** | | |
| 6.2 *Opdrag* | 17 | **28** |

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord **TWEE** vrae: 7.1 (18 punte) **EN** 7.2 (17 punte)

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 *Die dans van die reën* | 18 | **30** |
| **EN** | | |
| 7.2 *Klara Majola* | 17 | **32** |

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het. (Leerders hoef NIE die kontrolelys aan hulle antwoordboek aan te heg Nie.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| **A: Roman** | 1–3 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **B: Drama** | 4–5 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **C: Kortverhale** | 6.1 EN 6.2 | 1<br>(2 kortverhale)<br>(18 + 17) | |
| **OF** | | | |
| **D: Gedigte** | 7.1 EN 7.2 | 1<br>(2 gedigte)<br>(18 + 17) | |

**LET WEL:**
- Maak seker dat jy slegs **TWEE** afdelings se vrae beantwoord het.
- Moet **NIE** hierdie kontrolelys saam met die ANTWOORDBOEK inhandig **NIE**.

# AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *Lien se lankstaanskoene* – Derick van der Walt

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

Asof jy sal weet, dink Lien, wat by voorbaat besluit om af te skakel. Sy verpes Amerikaners. *Bigger is better and we know it all*. Sy het genoeg probleme van haar eie.

'n Paar *loud* Amerikaners s'n traak haar nie. Sy kyk by die venster uit en wonder of vanmiddag by Malie se kitsch plantasie iets anders as gister, meer rosies as dorings, gaan oplewer.

"Lien, as jy nie belangstel nie, kan jy buite gaan staan," sê juffrou Breytenbach terwyl sy oor haar brilletjie vir Lien loer. Lien is lus en doen dit, maar bedink haar. Hoe minder *waves,* hoe stiller is die see, sou die een of ander wyse ou wel eendag lank gelede geskryf het, vermoed sy.

Juffrou Breytenbach begin lees. Die stuk begin waar die kinders een vir een by die biblioteek opdaag.

Teen wil en dank luister Lien tog. Sy sien die ander kinders hou ook op rondskuif en fluister. Selfs Christiaan luister met 'n effens oop mond. Die storie boei hulle.

Toe die klok vir pouse lui, bly almal, anders as gewoonlik, nog 'n rukkie doodstil sit.

"Nóg, nóg!" roep die vaal Miemie Spies skielik hardop. Haar oë gloei en haar wange is bloedrooi. Van die kinders lag. Juffrou Breytenbach kom tot verhaal.

"As ons julle toesprake môre almal afgehandel kry, kan ons die stuk Vrydag klaar lees," sê sy beslis.

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| biblioteek | graad 11 | Praag | Taiwan | Japan |
| internetkafee | graad 12 | Frankryk | | |

Lien is 'n (1.1.1) ...-leerder wat daarvan droom om te reis. Sy wil heel eerste (1.1.2) ... toe gaan en daarna (1.1.3) ... besoek. Sy doen navorsing in die (1.1.4) ... oor al die plekke wat sy wil besoek. (4)

1.2 "Sy het genoeg probleme van haar eie." (Reël 2 en 3)

Watter probleme het Lien? (1)

1.3 "... Malie se kitsch plantasie ..." (Reël 5)

1.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien verwys na (Malie se Teetuin/Malie's Tuin). (1)

1.3.2 Watter slegte karaktereienskap van Lien word hier uitgewys? (1)

1.4 Hoe weet ons dat Lien die vorige dag nie 'n lekker dag by die werk gehad het nie? (1)

1.5 Lien en Wouter is goeie vriende en beide van hulle se pa's is nie voltyds betrokke by hulle lewens nie.

Hoe verskil hulle situasies tóg? (2)

1.6 Kies die oorsaak in **KOLOM B** wat pas by die gevolg in **KOLOM A.** Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.6.1 | Lien en haar gesin kan nie meer in hulle ou huis bly nie. | A | Lien is nie die enigste nuwe kind in die skool nie. |
| 1.6.2 | Lien werk by Malie Dry. | B | Lien het drome vir die toekoms. |
| 1.6.3 | Wouter en Lien is vriende. | C | Lien kry 'n rol in die skool se toneelstuk. |
| 1.6.4 | Lien leer vir Miemie beter ken. | D | Lien se pa is nie meer by hulle nie. |
| | | E | Lien moet haar verlede agterlaat. |

(4x1) (4)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.7) neer.

Lien se broer, Braam, kyk gereeld na ou video's. Hierdie video's is 'n simbool van ... vir hom.

A geluk
B vermaak
C verlange
D hartseer (1)

1.8 Lien en Christiaan het altyd 'n goeie verhouding gehad.

Motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.9 Waarom, dink jy, was Lien verkeerd om haarself sosiaal so te isoleer? (1)

1.10 Hoe kry die skrywer dit reg om Miemie Spies se opgewondenheid te beklemtoon? (1)

**EN**

**TEKS B**

"Sy bene is af," sê die suster. "Net onder sy knieë." Sy druk iets in haar uniform se sak en krap aan haar skouer.

"Dokter sê dit sou nie reggekom het nie. Hy is baie siek en net familie mag ingaan."

Dit lyk asof sy haar bedink. Sy krap weer aan haar skouer.

"Maar vir dié mense is almal mos maar eintlik familie ..." Sy kyk na Lien. "Jý's nie familie nie." Die vrou lyk bietjie na 'n perd en ruik na rook.

"Ons werk saam," sê Lien. Sy kyk terug. "Ek wil asseblief net vir hom iets sê. Ek sal gou maak."

Die suster kyk oor haar skouer in die gang af.

"Jy moet wikkel. Twee minute."

Goed piep en pype peul oral uit Tibbey, wat steeds 'n vreemde vaalbruin kleur het. Sy mond is half oop. Daar is 'n wilde kyk in sy oë, maar hy herken haar al het sy nie die pruik en die brilletjie op nie, sien Lien. Hy lê vir haar en kyk. Dit lyk asof hy iets wil vra, maar daar is nie 'n manier hoe hy 'n woord gaan uitkry nie, besef sy. Sy vou sy vaalbruin hande wat op die wit deken lê in hare toe.

"Tibbey, alles gaan regkom. Ons sal 'n plan maak," sê slim Lien Jooste terwyl 'n hele klomp hane kraai.

1.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Roos deel haar lewensverhaal met Lien.
- Tibbey nooi vir Lien om saam met hulle 'n breek te vat.
- Johnny is Johannesburg toe en sy plek is beskikbaar.
- Sproet laat Lien ongemaklik voel. (4)

1.12 Wat het met Tibbey gebeur (dat hy nou in die hospitaal is)? (1)

1.13 “ ‘Ons werk saam’ ” (Reël 8)

1.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien se woorde is ’n voorbeeld van (’n hiperbool/eufemisme). (1)

1.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.13.1. (1)

1.14 “ ‘Jy moet wikkel.’ ” (Reël 11)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hiermee bedoel die suster dat Lien moet (gou maak/versigtig wees). (1)

1.15 “ ‘Tibbey, alles gaan regkom. Ons sal ’n plan maak,’ sê slim Lien Jooste terwyl ’n hele klomp hane kraai.” (Reël 17 en 18)

1.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien se verwysing na haarself as “slim” is (sarkasties/ironies). (1)

1.15.2 Wat is die figuurlike betekenis van “terwyl ’n hele paar hane kraai”? (1)

1.15.3 Lien se intensies was goed toe sy met Tibbey gepraat het.

Motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

1.16 Lien was vasbeslote om vir Tibbey te help.

Motiveer die stelling met TWEE feite uit die roman. (2)

1.17 Watter goeie karaktereienskap van Lien word uitgelig oor hoe sy vir Tibbey gehelp het? (1)

1.18 Dink aan wat Lien gedoen het om haar familie te ondersteun.

1.18.1 Hoe het Lien die uitdrukking “sink of swem” suksesvol geïllustreer? (1)

1.18.2 Hoe sluit die tema van deursettingsvermoë aan by die titel van die roman? (1)

1.18.3 Dink jy Lien is ’n goeie rolmodel? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL VRAAG 1: [35]**

© SACAI KOPIEREG

**VRAAG 2:** ***Die vlerke van naaldekokers*** **– Cecilia Steyn**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

CAGE THE ELEPHANT sing nou "Cigarette Daydreams" en Lee neurie saam. In die verte flits Makro aan die regterkant verby. Nog verder aan lees die bordjie *N1*. Ons ry oor die brug en verby die Windmill Casino.

Toe is ons uit Bloem.

Ek kyk na Lee.

Sy venster is oop. Om sy pols is ’n swart-en-wit bandana gebind. Onder die strooihoed wat hy vandag dra, pluk die wind die hare wat oor sy kraag hang. Onder ’n bottergeel los hemp het Lee ’n wit T-hemp aan met ’n prent van ’n enorme donkerblou walvis met ’n pyp in sy mond. Onder die walvis staan daar: *"For there is no folly of the beast of the earth which is not infinitely outdone by the madness of men."* Herman Melville, *Moby-Dick*.

Hy moet agtergekom het ek kyk na hom, want hy draai sy kop in my rigting. Natuurlik kyk ek vinnig weg.

Dit moes ek eerder nie doen nie. My oog vang die naald op die spoedmeter.

Honderd-en-twintig. Hoe vinnig het Ma daardie dag gery?

Jy is veilig.

Dis ’n doodnormale spoed.

Nee. Net normaal.

Baie mense ry vinniger as dit.

Ek vuis die soom van my T-hemp soos ’n reddingsboei. Wat ek eintlik wil doen, is om albei my hande op die kar se paneelbord voor my te sit om vas te hou. Ek sluk.

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kaap | Limpopo | skrywer | digter |
| Du Preez Greyling | Gerhard du Preez | | |
| versorger | Vrystaat | assistent | |

Kylie is saam met haar oupa, (2.1.1) ..., en Lee op die "road trip". Haar oupa is ’n bekende (2.1.2) ... en Lee is sy (2.1.3) ... . Hulle is op pad (2.1.4) ... toe. (4)

2.2 "Honderd-en-twintig. Hoe vinnig het Ma daardie dag gery?" (Reël 15)

2.2.1 Kylie was in 'n motorongeluk betrokke.

Dink aan die nagevolge daarvan. Watter TWEE nagevolge was permanent? (2)

2.2.2 Watter impak het die ongeluk op haar en haar ma se verhouding gehad? (1)

2.3 "Dis 'n doodnormale spoed.

Nee. Net normaal." (Reël 17 en 18)

2.3.1 Waarom wil Kylie nie sê "doodnormaal" nie? (1)

2.3.2 Waarom is die kort sinne in die uittreksel effektief? (1)

2.4 Kylie wil nie saam met haar ma in 'n motor ry nie.

2.4.1 Hoe kom sy oor die weg? (1)

2.4.2 Wat is die TWEE vernaamste plekke waarheen Kylie móét gaan? (2)

2.4.3 Hoe weet ons dat Kylie wel aan die einde van die roman haar vrees vir motors oorkom het? (1)

2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.5) neer.

Lee speel 'n belangrike rol in Kylie se ontwikkeling in die roman omdat ...

A hy baie lojaal is aan haar oupa.
B hy versigtig bestuur en Kylie gerus laat voel.
C hy haar aanvaar soos sy is en sy haarself ook kan aanvaar.
D hy werklik omgee vir mense en sy goedheid 'n indruk op haar maak. (1)

2.6 Kies die karakter in **KOLOM B** wat by die beskrywing in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.6.1 tot 2.6.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.6.1 | Vernoem na 'n bekende digter en is 'n perfeksionis. | A | Charles |
| 2.6.2 | Laat Kylie selfbewus voel. | B | Mike |
| 2.6.3 | Dra met trots 'n Barbie-prostese. | C | Danika |
| 2.6.4 | Ortotis wat prosteses in kunswerke omskep. | D | Ingrid |
| | | E | Patience |

(4x1) (4)

**EN**

**TEKS D**

Ver onder in die donker kan ek die see skaars uitmaak. ’n Bordjie wys hierdie is die begin van ’n voetpad.

Ons draai die ruite af. Sonder ’n woord kom lê Lee met sy kop op my skoot. Hy sug. Dis die tipe sug wat mens nie bedoel om te sug nie, maar wat uitglip voor jy dit kan keer.

Ek kyk na hom terwyl hy na die dak staar. Wat gaan aan met hom?

“Wil jy daaroor praat?” vra ek. Dalk is iets by Lee-hulle se huis fout.

Lee steek sy hand uit en sit sy duim op my onderlip toe hy sê: “Jy weet hoe dit voel wanneer mens iets weet en jy kan vir niemand sê nie ...” Lee sluk.

Al wat ek kan doen, is knik. Ek dra dan al vir maande my ma se geheim rond.

“Of wanneer jou hande afgekap is om iets te keer ...” Lee praat nie klaar nie. “Jammer ...” Hy maak sy oë gefrustreerd toe asof die wind sy woorde bly wegwaai en hy nie ’n houvas op hulle kan kry nie. Is dit sy gevoelens waarvan hy praat? Wat probeer hy sê?

Lee se duim skuif na my wang. Sy oë rus op myne. Dan vee sy wysvinger sag oor die vlerke van die naaldekoker-pendant.

“Dis mooi,” sê hy. “Die naaldekoker pas by jou.”

“Oupa het dit vir my gegee.”

2.7 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Oupa vlieg soos ’n arend by die Bloukransbrug.
- Kylie besoek die Uilhuis en kry ’n beeldjie van ’n uil as geskenk.
- Oupa wys vir Kylie die groot vyeboom waarin hy as kind geklim het.
- Oupa, Lee en Kylie kyk *Hamlet* in Maynardville. (4)

2.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.8) neer.

Die ruimte in díe uittreksel is net buite …

A Kalkbaai.
B Merweville.
C Gordonsbaai.
D Jeffreysbaai. (1)

2.9 " 'Jy weet hoe dit voel wanneer mens iets weet en jy kan vir niemand sê nie ...' " (Reël 8 en 9)

Beide Kylie én Lee weet iets wat hulle vir niemand kan vertel nie. Wat is dit wat hulle weet? Verwys in jou antwoord na wat albei karakters vir niemand mag sê nie. (2)

2.10 " 'Of wanneer jou hande afgekap is om iets te keer ...' " (Reël 11)

2.10.1 Wat is die figuurlike betekenis van hierdie reël? (1)

2.10.2 Waarom vra Lee verskoning vir wat hy sê? (1)

2.11 "Is dit sy gevoelens waarvan hy praat? Wat probeer hy sê?" (Reël 13 en 14)

2.11.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie is (indirekte/retoriese) vrae. (1)

2.11.2 Waarom is hierdie vrae effektief? (1)

2.12 " 'Dis mooi,' sê hy. 'Die naaldekoker pas by jou.' " (Reël 17)

2.12.1 Lee weet baie van naaldekokers.

Motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

2.12.2 Op watter manier het naaldekokers vir Kylie simbolies geword? (1)

2.13 Een van die hoofmomente in die roman was die roudiens vir Knol.

2.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit was (Lee/Kylie) se idee om die roudiens vir Knol te hou. (1)

2.13.2 Waarom, dink jy, was dit 'n belangrike oomblik vir Kylie? (1)

2.14 Waarom kan ons sê dat Kylie ander jongmense kan inspireer? (1)

2.15 Ná al die hartseer waardeur Kylie is, eindig die roman tóg positief vir haar.

Motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

**TOTAAL VRAAG 2: [35]**

© SACAI KOPIEREG

**VRAAG 3: *Skeur* – Carel van Rooyen**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

"As hulle sê die eerste aardbewing kom ná twee vanaand, dan beteken dit mos dit kom vóór halfdrie. Ek weet daar is nou nuwe tegnologie en alles, maar dink julle regtig hulle kan dit so akkuraat skat?"

Niemand antwoord nie, maar Elsa lyk nie gepla nie, asof sy met haarself gepraat het.

Luan staan op. "Ek gaan nog iets kry om te drink."

Hy bly lank weg. Toe hy terugkom, praat ons al politiek in die Midde-Ooste.

In sy een hand is 'n bottel. Die ander een hou hy agter sy rug. Ek probeer om nie na sy bo-arm te kyk nie.

"Julle," sê hy. "Kyk wat het ek."

"Wat?"

"Bier? Ek dog jy kry iets sterkers," sê Gerrit.

Luan loop tot in die middel van die vertrek.

"Ek hét iets sterkers gekry," sê hy.

Toe eers haal hy sy hand agter sy rug uit.

In sy hand is 'n rewolwer.

Alle beweging stop.

'n Sonbesie begin skree. Hoor hulle dit ook?

"Dis om ons veilig te hou," sê Luan. "Hoekom lyk julle so vrek bang?"

Hy steek sy hand met die rewolwer voor hom uit en draai in die rondte totdat die loop na Narissa wys.

Sy gil en val op die vloer. Vir 'n oomblik dog ek hy't haar geskiet. Maar ek sou dit gehoor het, en daar sou bloed gewees het.

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Nightwalks | Nightshifts | Bibi | Barbie | twaalfuur |
| tienuur | Richard Charles | Richard Charl | | |

Maria is nie by die huis nie. Haar ma en haar sussie, (3.1.1) ... , gaan haar (3.1.2) ... haal sodat hulle saam is as die (3.1.3) ... tref. (3.1.4) ... het die gebeurtenis aan die wêreld bekendgestel. (4)

3.2 " 'As hulle sê die eerste aardbewing kom ...' " (Reël 1)

3.2.1 Na wie, dink jy, verwys "hulle"? (1)

3.2.2 Waarom word daar na die persoon/e of instansie as "hulle" verwys? (1)

3.3 Die dreigende aardbewings is nie die eerste keer wat Maria met die dood gekonfronteer word nie.

Motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.4) neer.

Die tema van ... kom die duidelikste na vore in die uittreksel.

A vrees
B geweld
C wysheid
D eensaamheid (1)

3.5 Kies die reaksie in **KOLOM B** om by die persoon in **KOLOM A** te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (3.5.1 tot 3.5.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 3.5.1 | Luan | A | is ongelukkig omdat die ideale gewig nie bereik gaan word nie. |
| 3.5.2 | Yolandi | B | glo die mens se sondes het hul ingehaal. |
| 3.5.3 | Meneer Voster | C | is lus vir lekkergoed. |
| 3.5.4 | Juffrou Laura | D | sien geen punt daarin om op te hou rook nie. |
| | | E | hou 'n partytjie by sy huis. |

(4x1) (4)

3.6 Dink aan die partytjie waar Maria is.

Hoe het Maria se gevoel teenoor Luan verskil vóór en ná die partytjie? (2)

3.7 "In sy hand is 'n rewolwer" (Reël 16)

3.7.1 Wie se rewolwer is dit? (1)

3.7.2 Behalwe vir die rewolwer, op watter ander manier het dié persoon (eienaar van die rewolwer) vir Luan aan geweld blootgestel? (1)

3.8 " 'n Sonbesie begin skree." (Reël 18)

3.8.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Hierdie sin word (letterlik/figuurlik) bedoel. (1)

3.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.8.1. (1)

**EN**

**TEKS F**

Hoe lank lê hy al hier?

Daar's 'n duif wat 'n vloekwoord sê, oor en oor.

Ek sien hoe Evert val, hoor hoe die boom skeur. Het hy uit die pad probeer kom? Probeer wegrol?

Maar meer as dit sien ek die tak deur sy lyf, die grond daaronder vol bloed.

"Luan," sê ek.

Hy vryf oor sy oë asof hy wat hy gesien het kan wegvee.

"Te vinnig gebeur," sê Evert. Hy bewe.

Die tak is so dik soos my pols, dis nog vas aan die res van die boom.

Ek buk, druk my hand teen sy gesig. Dis koud.

Luan trek sy trui uit en sit dit op sy bors neer.

"Toemaar," sê Luan. "Ons is nou hier."

"Ons moet die tak afkry," sê ek.

"Jy bedoel uitkry."

"Nee, afkry, los van die boom. Het ons iets om dit mee te doen?"

"Daar's 'n mes," sê Luan. "Vir die wors."

"Gaan kry dit. Ek sal by hom bly."

"Wat sê ek vir die ander?" vra hy.

"Ek weet nie. Gaan haal dit!"

Hy begin hardloop. Ek staan nog op my knieë, hulle kry seer. Hoeveel keer het ek nie vanaand na die rewolwer aan sy lyf gesoek nie. Selfs vóór dit het ek na hom gekyk, en nou kan ek nie.

Kan nie; moet. Ek haal my serp af en druk dit teen die tak, ...

3.9 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Meneer Voster skuif Maria na die middel van die klas toe.
- Meneer Voster verander skole weens beweerde onprofessionele optrede.
- Meneer Voster se les word onderbreek deur 'n belangrike afkondiging.
- Meneer Voster troos Maria. (4)

3.10 Wat het gebeur dat 'n tak Evert deurboor het? (1)

3.11 " 'Toemaar', sê Luan. 'Ons is nou hier.' " (Reël 12)

3.11.1 In watter ruimte is die vriende op die oomblik? (1)

3.11.2 Dink jy Luan was opreg? Motiveer jou antwoord. (1)

3.12 Evert was die slagoffer van geweld toe die boom hom deurboor het.

3.12.1 Evert was ook self in staat tot geweld.

Motiveer die stelling met EEN feit. (1)

3.12.2 Watter rol het Maria in Evert se lot gespeel? (1)

3.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.13) neer.

Vroeër in haar lewe het Maria geleer om vir mense te jok oor hoe sy voel. Dit het gewerk omdat ...

A sy so goed kon jok.
B haar leuens baie oortuigend was.
C mense gekies het om te glo wat sy sê.
D sy so lank gejok het dat sy haarself begin glo het. (1)

3.14 Evert het 'n skokkende versoek tot Maria gerig.

3.14.1 Wat was die versoek? (1)

3.14.2 Wat het Maria omtrent haarself geleer met hierdie versoek? (1)

3.15 Maria en haar vriende het daarin geslaag om hulp te ontbied hoewel dit te laat vir Evert was.

3.15.1 Hoe is die vriende gered? (1)

3.15.2 Watter goedheid het Maria aan Evert betoon toe sy later sy ma besoek het? (1)

3.16 Die titel van die roman, "Skeur", het beide letterlike en figuurlike betekenis.

Verduidelik die twee betekenisse met Maria as hoofkarakter in gedagte. (2)

3.17 Op watter manier kan jy simpatie met Maria hê? (1)

**TOTAAL VRAAG 3: [35]**

## TOTAAL AFDELING A: [35]

## AFDELING B: DRAMA

**VRAAG 4: *Fiela se kind* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

FIELA: Hulle gaan sukkel om haar hier te kry. (*Sy beweeg na regs. Kollig net op haar gesig. Ons hoor haar stem op band*.)

Die somer was kwaai. Dit was of die hitte aan die Kloof se kant van die voorste berge nie 'n flenter mis heel wou laat oorwaai om lafenis te bring nie. Waarom dit die liewe Here behaag het om die yslike gebergte soos 'n hindernis tussen die Lange Kloof en genade te kom neersit, sou net die Here alleen weet. Seekant van die berg het Hy milddadig geplant en laat reën en laat groei totdat daar 'n bos opgestaan het om myle en myle ver na al wat 'n kant is, die loop te neem. Kloofkant van die berge het Hy net klippe en stof en waboom en taaitrek en renosterbos en alwyn oorgehad om iets van te maak. Dis sonde, die algoede Heer het darem nie die Kloof sonder genade laat staan nie. Hy het die volstruis diékant gelos. En kom die reën die jaar op sy tyd, blom die Lange Kloof en staan die kos vir mens en dier in oorvloed en vergeet jy die droogte waardeur alles en almal moet wurg. Soos nou. Maar dit is ook sondige denke, want die fontein bloei nog daagliks 'n watertjie wat sloot langs tot onder in die vangdam loop.

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Skopper | Pollie | twee | drie | vyf | ses |
| Koos Wehmeyer | | Laghaans | | Petrus Zondagh | |

Fiela boer met volstruise. Sy het 'n wyfie, (4.1.1) ... by (4.1.2) ... gekoop. Die wyfie het haar (4.1.3) ... swepe en (4.1.4) ... karwatse gekos. (4)

4.2 "Die somer was kwaai." (Reël 3)

4.2.1 Benoem die stylfiguur in dié reël. (1)

4.2.2 Wat beteken dit binne die konteks van die uittreksel? (1)

4.3 Lees reëls 5 tot 8.

4.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Genade" verwys na (lafenis teen die hitte/dankbaarheid vir wat hulle het). (1)

4.3.2 Is Fiela kwaad vir haar Here? Motiveer jou antwoord. (1)

4.4 "Maar dit is ook sondige denke, ..." (Reël 14 en 15)

4.4.1 Wat kan ons aflei omtrent Fiela se karakter uit hierdie woorde? (1)

4.4.2 Hoe het Fiela haar slegte eienskap, hardkoppigheid, later in die drama geïllustreer? (1)

4.5 Fiela het vyf kinders.

4.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Fiela verwys na Benjamin as haar (stiefkind/hanskind). (1)

4.5.2 Hoe het dit gebeur dat Benjamin deel van die Komoetie-gesin geword het?

Gee TWEE feite. (2)

4.6 Dink aan die motoriese moment van die drama.

4.6.1 Watter gebeurtenis was die motoriese moment? (1)

4.6.2 Hoe, dink jy, sou Benjamin se lewe anders gewees het as dit nie gebeur het nie? (1)

4.7 Benjamin moes Knysna toe gaan.

4.7.1 Fiela het ingestem om hom Knysna toe te vat.

Motiveer waarom dit ONWAAR is. (1)

4.7.2 Wat het Fiela gedoen wat aan die leser bewys dat sy trots is en wou hê dat Benjamin 'n goeie indruk in Knysna maak? (1)

4.7.3 Hoe weet ons dat Fiela seker daarvan was dat Benjamin gaan terugkom? (1)

**EN**

**TEKS H**

LUKAS (*op band*): Iets in my het vooruit begin loop. Watter verskil sou dit maak as ek suid draai? Watter verskil sal dit maak as ek Nina eers die volgende dag loop soek? 'n Spookskip was godsonmoontlik, maar ek wou gaan kyk. Miskien kan ek slaapplek by Noetzie kry. By die waterkant het die skemer die laaste nuuskieriges begin omjaag. Ek het agter teen die bosse bly wag tot die donker almal teen die koppe uitgejaag het. Almal behalwe een man wat langs die water bly staan het.

LUKAS: Naand, oom. (*Man skrik en swaai om.*) Ekskuus, ek wou oom nie laat skrik het nie.

ARMSTRONG: Nou vir wat kom praat jy dan so skielik agter my? Ek het gedink almal is weg.

LUKAS: Ek is jammer, oom.

ARMSTRONG (*waardig*): Ek is nie jou oom nie. Ek is veldkornet Armstrong en jy beter sorg dat jy die kop uitkom voor jy glad nie meer 'n voetpad in die donker kan kry nie. (*Kyk kort-kort skip se kant toe.*)

LUKAS: Wat se skip is dit, veldkornet?

ARMSTRONG: Niemand weet nie. Toe die son vanmôre opkom, was hy maar net hier.

LUKAS: Was daar mense op die skip?

ARMSTRONG: As daar was, het hulle nie saam met hom hier aangekom nie. Dis donker, jy moet loop.

LUKAS: Kan hulle nie iets doen om hom te red nie?

4.8 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Nina en Lukas gaan saam dorp toe.
- Nina en Lukas praat op die strand.
- Nina deel haar geheim met Lukas.
- Nina en Lukas word saam gestraf. (4)

4.9 In watter ruimte bevind Lukas hom in hierdie uittreksel? (1)

4.10 Waarom moes Lukas vir Nina gaan soek? (1)

4.11 "Watter verskil sal dit maak as ek Nina eers die volgende dag loop soek?" (Reël 2 en 3)

4.11.1 Waarom kan ons sê Lukas was reg om te voel dat dit nie gaan saak maak as hy eers na die skip gaan kyk nie? (1)

4.11.2 Nadat Lukas vir Nina gekry het, het hy haar vir 'n guns gevra.

Watter guns het hy gevra? (1)

4.12 Nina was baie lojaal aan Elias.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.13 Kies die aanhaling in **KOLOM B** om by die persoon in **KOLOM A** te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (4.13.1 tot 4.13.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 4.13.1 | Nina | A | "Was there something you wanted?" |
| 4.13.2 | Lukas | B | "Kom jy dan uit die Bos?" |
| 4.13.3 | Miss Weatherbury | C | "Die dorpenaars spot met ons bosmense." |
| 4.13.4 | Veldkornet Armstrong | D | "Eers het die woorde my getref." |
| | | E | "Hou net jou kop in die lug." |

(4x1) (4)

4.14 Lukas is terug Lange Kloof toe, toe hy gehoor het van Dawid se dood.

4.14.1 Wat het Lukas met Fiela gedeel wat swaar op hom geweeg het? (1)

4.14.2 Waarom, dink jy, kan ons sê dat Fiela se raad aan Lukas goeie raad was? (1)

4.15 Dink aan die tema van identiteit.

4.15.1 Op watter manier het die tema Benjamin/Lukas beïnvloed? (1)

4.15.2 Hoe, dink jy, is die tema vandag nog relevant? (1)

**TOTAAL VRAAG 4: [35]**

**VRAAG 5: *Pad na jou hart* – Ivan Botha en Donnalee Roberts**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

*Die VERPLEEGSTER glimlag skaam en loop weg.*

5. DOKTER SCHOLTZ: Hoe voel jy, Basson?

6. BASSON SR.: Flouer as jou grappies.

*DOKTER SCHOLTZ en ANDRÉ kan nie help om te lag nie. BASSON SR. lag uitasem saam.*

7. DOKTER SCHOLTZ: Jy was gelukkig, my vriend. Dit was ’n ligte beroerte. Dit lyk of die bloedtoevoer na jou hart drasties verswak het, so dit wil voorkom asof hierdie hart ook sý vervaldatum bereik het.

*DOKTER SCHOLTZ sien hoe BASSON en ANDRÉ ’n bekommerde kyk deel.*

8. DOKTER SCHOLTZ *(probeer sy bes om positief te klink)*: Daar is hoop. Ek sal dalk weer moet ingaan en ’n bietjie arbitreer; hopelik is jou lyf nie so hardkoppig tydens onderhandelinge soos jý nie.

9. BASSON SR.: Nee.

10. ANDRÉ (*draai bekommerd terug na BASSON SR., haal sy bril af):* Basson, luister net wat die man te sê het.

11. BASSON SR. *(onversetlik*): Ek gaan nie weer aan my laat sny nie. Genoeg is genoeg.

12. DOKTER SCHOLTZ: Basson, die feit van die saak is, jy het nie eintlik ’n ander keuse nie. Jou hart gaan dit nie ...

13. BASSON SR. (*val DOKTER SCHOLTZ in die rede*): Met alle respek gesê ... (*Tik teen sy bors.)* Dié ... is nie mý hart nie. Myne het ek al jare terug verloor en ek dink dit is tyd om hom weer te gaan vind.

14. BASSON SR (*ernstig):* André, maak die oproep.

*ANDRÉ kyk bekommerd na DOKTER SCHOLTZ.*

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | |
|---|---|---|
| meganismes | uitdagings | verantwoordelikhede |
| lewenslesse | tegnologie | familie |
| Pecto Petroleum | Vecto Petroleum | |

Basson Sr. is die uitvoerende bestuurder van (5.1.1) ... . Hy is bekommerd oor sy seun se houding wat (5.1.2) ... bo mense in die werksplek ag. Basson Sr. glo Basson Jr. moet eers sekere (5.1.3) ... leer. Basson Sr. glo die beste manier om dit te doen is om sekere (5.1.4) ... aan hom te stel. (4)

5.2 "Flouer as jou grappies." (Reël 3)

5.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Basson Sr. se woorde word (sarkasties/humoristies) bedoel. (1)

5.2.2 Waarom is die toon gepas? (1)

5.3 In watter stad is Basson Sr.? (1)

5.4 Die verhouding tussen Basson Sr. en Basson Jr. is sleg.

5.4.1 Watter tragiese gebeurtenis het die agteruitgang van hulle verhouding begin? (1)

5.4.2 Gee EEN rede waarom dit die geval was. (1)

5.5 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.5) neer.

André kan as 'n lojale vriend en werknemer beskou word omdat ...

A hy 'n goeie salaris verdien.
B hy alles doen wat Basson Sr. hom vra om te doen.
C hy nie selfsugtig was en net homself probeer bevoordeel het nie.
D hy vir Basson Sr. ondersteun, selfs al is dit nie wat hyself sou gedoen het nie. (1)

5.6 “Myne het ek al jare terug verloor en ek jdink dit is tyd om hom weer te gaan vind.” (Reël 22 en 23)

5.6.1 Wat is die LETTERLIKE en FIGUURLIKE betekenis van die woorde “Myne het al ek jare terug verloor”? (2)

5.6.2 Waarom kan ons sê dat hierdie reëls ’n voorbeeld van ’n eufemisme is? (1)

5.7 Wat, sou jy sê, was Basson Sr. se grootste bekommernis ten opsigte van Basson Jr.? (1)

5.8 Kies die simboliese betekenis uit **KOLOM B** wat by die objek in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.8.1 tot 5.8.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 5.8.1 | Kettie | A | Ewige herinneringe |
| 5.8.2 | Foto’s | B | Fisiese rykdom |
| 5.8.3 | Spekbome | C | Waarheen die lewe op pad is |
| 5.8.4 | Kompas | D | Gelukkige kinderjare |
| | | E | Maak ’n verskil |

(4x1) (4)

**EN**

**TEKS J**

561. BASSON SR. (IN VIDEOBEELD): Ek is lief vir jou, my seun. (*Aan die persoon agter die kamera.)* Was dit oukei?

*Skielik is daar beweging soos iemand die kamera in die video hanteer. BASSON herken AMORY se stem in die agtergrond en sien vlugtig in die hoek van die videobeeld ’n spekboompie langs ’n hospitaalbed naby sy pa s’n.*

562. AMORY (AGTERGRONDSTEM): Almal verdien ’n tweede kans, Oom, en ek dink dit is die mooiste ding wat enige pa vir sy seun kan doen.

*BASSON druk die pouseknoppie op die afstandbeheerder en staar lank na die televisieskerm, gefokus op die spekboompie. Skielik maak alles vir hom sin.*

***

563. ANDRÉ (*neem die kontrak by BASSON*): Baie geluk, ek hoop dit is alles wat jy verwag het. As hoof- uitvoerende beampte sal jy vinnig jou

vrees vir vlieg moet oorkom, of Kaap toe trek en vir die Stormers begin skree. (*Lag.*)

*BASSON glimlag flou*.

564. ANDRÉ: Nou maar goed, dan sien ek jou binnekort vir die jaarvergadering.

*ANDRÉ draai weg om te loop. BASSON se woorde keer hom by die deur.*

565. BASSON: André, dankie vir alles wat jy vir my pa beteken het. Ek sien uit na ons vennootskap.

*ANDRÉ is geraak deur BASSON se opregtheid. Hy skud BASSON se hand.*

566. ANDRÉ: Hy sou trots gewees het op jou.

*ANDRÉ stap na die deur.*

5.9 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Basson Jr. noem Amory "Kettiemeisie".
- Basson Jr. se familie noem hom Kettie van Rensburg.
- Basson Jr. oorhandig sy kettie aan Pietie.
- Amory was gereed om Basson Jr. met 'n kettie te skiet. (4)

5.10 Hoe verskil Basson Jr. se lewensuitkyk van die begin na die einde van die drama? (2)

5.11 Basson Jr. het geweet dat Amory sy pa geken het.

Motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

5.12 "... sal jy vinnig jou vrees vir vlieg moet oorkom, ..." (Reël 13 en 14)

5.12.1 Waarom is Basson Jr. bang om te vlieg? (1)

5.12.2 Hoe weet ons dat hy nie lánk na die gesprek sy vrees opsy geskuif het nie? (1)

5.13 "*Basson glimlag flou*." (Reël 16)

Wat is die figuurlike betekenis van dié reël? (1)

5.14 Hoe het dit gebeur dat Basson Jr. die hoof- uitvoerende beampte geword het? (1)

5.15 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.15) neer.

Basson se aanstelling is simbolies van sy ...

A groei.
B sukses.
C verdienste.
D beloning vir harde werk. (1)

5.16 Waarom kan Basson Jr. in dié stadium van die drama as ’n goeie rolmodel gesien word? (1)

5.17 Hoe het Basson Jr. se ontmoeting met Amory sy lewe beïnvloed? (1)

5.18 Een van die hoofmomente in die drama is toe Basson Jr. vir die eerste keer die kompas kon oopmaak.

5.18.1 Watter positiewe gevolge het dit vir Basson Jr. ingehou? (1)

5.18.2 Hoe sluit dié hoofmoment by die titel van die drama aan? (1)

5.18.3 Watter les kan jy by Amory leer? (1)

**TOTAAL VRAAG 5: [35]**

**TOTAAL AFDELING B: [35]**

## AFDELING C: KORTVERHALE

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR BEIDE DIE KORTVERHALE.**

**Beantwoord 6.1 EN 6.2 (Jy moet BEIDE kortverhale doen vir 35 punte.)**

**6.1 *Die vlek* – Piet Nell**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

> Wat is oranje en hoe lyk groen regtig? Gras en bome is groen. Maar só groen? Lug is blou en wolke wit en vandag is die lug so blou dat Henry se kop daarvan duisel terwyl hy oopmond staar. Blinkwit stapelwolke dryf hoog in die eindelose blou-blou-blou. “Blou,” prewel Henry verwonderd en lig sy hand asof hy die lug wil raakvat.
>
> Die son is geel, en rose is rooi, o hoe ongelooflik is dit alles nie. Dan tref dit sy oog: die groot blerts teen die wolkekrabber skuins voor hom. Hy ril effens.
>
> Hy kyk na die leerband in sy hand. Al met die band langs tot by Aiku wat so lank sy oë was. Die hond staar knorrend na die wolkekrabber en dis of sy nie eers weet Henry is by haar nie. Twee motors bots en die eienaars gluur mekaar aan.
>
> Hulle waai met hul hande en een maak vuis. Hy wonder of die beampte by hulle verkeerskonstabel Harms is. Hy lyk so boos met sy opgeswelde gesig en groot maag. Oral lyk mense ontsteld en vererg. Net Henry kan nie ophou glimlag nie en wil in die straat af huppel en dans. Henry kan nie ophou kyk nie, winkels, klere, mensgesigte. Maar hoekom lyk almal so boos? As hulle net kon weet, saam met hom kon juig. Hy is skielik haastig ...

6.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (6.1.1 (a) tot 6.1.1 (d)) neer.

Henry is (a) ... en daarom maak hy staat op Aiku, sy (b) ... . Hierdie (c) ... kortverhaal vertel van ’n onbekende vlek wat die eerste keer teen ’n (d) ... verskyn. (4)

6.1.2 "Lug is blou en wolke wit en vandag is die lug so blou dat Henry se kop daarvan duisel terwyl hy oopmond staar." (Reël 2 en 3)

(a) Waarom herhaal Henry die kleure van voorwerpe? (1)

(b) Henry staar waarskynlik letterlik oopmond na alles om hom. Wat is die figuurlike betekenis van die uitdrukking? (1)

6.1.3 "Maar hoekom lyk almal so boos?" (Reël 16)

(a) Hoe is Henry se reaksie tot die vlek anders as die ander mense s'n? (1)

(b) Noem TWEE newe-effekte, behalwe die aggressie, wat die vlek op ander mense het. (2)

6.1.4 Watter innerlike konflik ervaar Henry rakende die vlek? (2)

6.1.5 Die vlek het verdwyn. Waar het die vlek die tweede keer verskyn? (1)

6.1.6 Henry was die enigste persoon wat anders op die vlek gereageer het.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.1.7 Kies die gebeurtenis uit **KOLOM B** wat by die struktuurelement in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.1.7 (a) tot 6.1.7 (d)) neer

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| (a) | Motoriese moment | A | Die vlek se gevolge is nie dieselfde vir almal nie. |
| (b) | Eksposisie | B | Henry besef hy kan sien. |
| (c) | Klimaks | C | Die vlek verskyn nie weer nie. |
| (d) | Ontknoping | D | Aiku reageer vreemd. |
| | | E | Verkeerskonstabel Harms skiet op die vlek. |

(4x1) (4)

6.1.8 Die skrywer lig 'n baie swak eienskap van die mensdom uit.

Verduidelik die stelling deur na die simboliese betekenis van die vlek te verwys. (1)

**EN**

**6.2 *Opdrag* – Rike Olivier**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

Tienerseks. So ’n kaal, stomp woord, maar vir haar ’n wonderwerk, die erkénning daarvan deur benóéming, die taboe úítgespreek, ’n beginpunt om helderheid te kry, die moontlikheid dat haar soeke na antwoorde êrens weerklank gaan vind, ’n spieël om in te kyk, dat sy haarself agterna beter sal kan ken ...

En dat sy die ding sal kan hanteer wat tussen haar en Gerrie aan die gebeur is, wat tussen haar en Gerrie gróéí. Gerrie wat skielik tasbaar aanwesig is: die sagte oë, die sterk skouers, sy manier van loop. Gerrie in sy rugbyklere, of saam met haar aan’t oefen vir *Romeo and Juliet*; Gerrie met die blonde kuif en die versigtige hande. As sy haar oë toemaak, kan sy aan hom ráák, kan sy sy mond voel, styg daar ’n warmte in haar wat beklemming is én verlammende verlange.

Sy trek die boek weer nader, en haar kladwerk. Onder FEITE het sy opgeteken:

*Die meisie Elizabeth (E) se pa het ’n affaire.*
*Verhouding tussen haar en haar ouers gevolglik uiters gespanne en rafel uit.*

Sarah leun agteroor in haar stoel. Dis wel ’n interessante gegewe, maar darem baie skraal. Wat was nou eintlik eerste, die hoender of die eier, die spanning of die “ander vrou”? En, jis, die ma is darem baie passief. Sy glimlag: háár ma sou haar pa se tasse vir hom gepak het, ...

6.2.1 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE.

- Sarah se klas kry die opdrag om te doen.
- Gerrie en Sarah neem saam deel aan *Romeo and Juliet.*
- Sarah dink aan haar ouma wat op 16 getrou het.
- Jaco laat Sarah gril by ’n sosiale geleentheid. (4)

6.2.2 Sarah se klas kry ’n opdrag om agt Afrikaanse boeke te lees.

(a) Watter onderwyser/es het die opdrag aan die kinders gegee? (1)
(b) Wat is die titel van die eerste boek wat Sarah kies? (1)

6.2.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.2.3) neer.

“So ’n kaal, stomp woord, maar vir haar ’n wonderwerk, ...” (Reël 1)
Uit Sarah se woorde kan ons aflei dat sy … oor die opdrag is.

A afgesit
B gelukkig
C opgewonde
D teleurgesteld (1)

6.2.4 Op watter manier dui die skrywer insig aan in Sarah se denkproses terwyl sy aan die opdrag werk? (1)

6.2.5 “Dis wel ’n interessante gegewe, maar darem baie skraal.” (Reël 18 en 19)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die woord “skraal” word (letterlik/figuurlik) gebruik. (1)
(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.2.5 (a). (1)

6.2.6 “Wat was nou eintlik eerste, die hoender of die eier, ...” (Reël 19)
Wat beklemtoon die skrywer deur hierdie bekende uitdrukking te gebruik? (1)

6.2.7 “Sy glimlag: háár ma sou haar pa se tasse vir hom gepak het, ...” (Reël 20 en 21)

(a) Hoe weet Sarah dat haar ouers lief is vir mekaar? (1)
(b) Hoe stel Sarah se ouers ’n goeie voorbeeld vir haar? (1)
(c) Waarom is dit belangrik vir tieners om goeie voorbeelde van gesonde verhoudings te hê? (1)

6.2.8 As deel van die opdrag moet leerders ’n aanbeveling maak.

(a) Hoe sal Sarah se aanbeveling ander tieners kan help? (1)
(b) Hoe het hierdie opdrag ’n positiewe impak op Sarah se lewe gehad? (1)
(c) Waarom is dit belangrik om oop en eerlike gesprekke oor sulke temas te hê met jongmense? (1)

**TOTAAL VRAAG 6: [35]**

## TOTAAL AFDELING C: [35]

# AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 7

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR BEIDE DIE GEDIGTE**

**Beantwoord 7.1 EN 7.2 (Jy moet BEIDE gedigte doen vir 35 punte.)**

### 7.1 *Die dans van die reën* – Eugène N. Marais

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Die dans van die reën**

*Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn*

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.
Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

*[Uit: Versamelde gedigte. J.L. van Schaik, 1936]*

7.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur woord(e) uit die gedig te gebruik. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 (a) tot 7.1.1 (d)) neer.

Hierdie gedig is spesifiek geskryf vir die area in die (a) ... . Hierdie gedig se blydskap word in die vorm van 'n (b) ... uitgedruk. Die reën word voorgestel as die (c) ... wat (d) ... en dit dra ook by tot die gevoel van vreugde. (4)

7.1.2 Waarom is die diere so opgewonde oor die reën? (1)

7.1.3 Haal EEN woord uit strofe 1 aan wat aandui dat die reën speels is. (1)

7.1.4 Lees weer strofe 1 en kyk na die tipografie.

(a) Wat noem ons die oop spasies by van die versreëls? (1)
(b) Wat stel die oop spasies voor? (1)

7.1.5 Kies die letterkundige element uit **KOLOM B** wat by die versreël in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.1.5 (a) tot 7.1.5 (d)) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| (a) | "saggies roep sy." (Versreël 7) | A | enjambement |
| (b) | "En haar krale skud," (Versreël 18) | B | personifikasie |
| (c) | "wyd rek hulle die neusgate<br>en hulle sluk die wind;" (Versreël 12 en 13) | C | inversie |
| (d) | "Eers oor die bergtop ..." (Versreël 2) | D | apostroof |
| | | E | metafoor |

(4x1) (4)

7.1.6 Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.1.6) neer.

"Die grootwild jaag uit die vlakte," (Versreël 10)

Ons kan aflei dat die grootwild ... is.

A bang
B angstig
C desperaat
D opgewonde (1)

7.1.7 Hierdie gedig is ’n voorbeeld van ’n vrye vers.
Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.1.8 Verduidelik die progressie wat in die gedig voorkom. (2)

7.1.9 Hoekom kan ons sê dat die reën oor ’n groot area geval het?
Haal EEN versreël aan as antwoord. (1)

7.1.10 Dink jy die titel van die gedig is gepas? (1)

**EN**

**7.2 *Klara Majola* – D.J. Opperman**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Klara Majola**

Klara Majola wou haar vader
toe die skemer sak, gaan haal
waar hy, die blinde, hout vergader;
maar Klara Majola het verdwaal.

Klein Klara Majola lê verkluim
in die Bokkeveld se bros kapok,
haar arms en bene bruin
en kromgetrek soos wingerdstok.

Klara Majola, die koue geweld
sif stadiger oor my uit die ruim,
maar nooit sal ek in die Bokkeveld
so warm, Klara Majola, soos jy verkluim.

*[Uit: Versamelde poësie. Human & Rousseau, 1987]*

7.2.1 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE.

- Sig word moeiliker en daar heers bekommernis.
- Klara se pa werk as arbeider op die plaas.
- Goeie intensies het tragiese gevolge.
- Ten spyte van sy gebrek, kom Klara se pa sy huishoudelike pligte na. (4)

7.2.2 Benoem die rymskema in die gedig. (1)

7.2.3 Lees weer strofe 1.

Op watter manier word die feit dat Klara se pa blind is, beklemtoon? (1)

7.2.4 "maar Klara Majola het verdwaal." (Versreël 4)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Hierdie versreël dui 'n (wending/kontras) aan. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.2.4 (a). (1)

(c) Waarom is die feit dat Klara verdwaal het verbasend? (1)

7.2.5 "Klein Klara Majola lê verkluim" (Versreël 5)

Op watter TWEE maniere word die tragedie, wat hier plaasgevind het, beklemtoon? (2)

7.2.6 "en kromgetrek soos wingerdstok." (Versreël 8)

Waarom is die vergelyking wat gebruik word baie effektief binne die konteks van die gedig?
(Jou antwoord moet verwys na die woorde "kromgetrek" en "wingerdstok".) (2)

7.2.7 Lees strofe 3.

(a) Die digter praat direk met Klara in die strofe en dit word 'n (dialoog/apostroof) genoem. (1)

(b) Hoekom is dit effektief? (1)

7.2.8 "so warm, Klara Majola, soos jy verkluim." (Versreël 12)

Watter TWEE aparte woorde in hierdie versreël dui op 'n kontras? (1)

7.2.9 Waarom, dink jy, is daar 'n gedig geskryf oor Klara? (1)

**TOTAAL VRAAG 7: [35]**

**TOTAAL AFDELING D: [35]**

**GROOTTOTAAL: [70]**